Ps. 42:1, 2.
Ges. 106: 1, 2.
" 109: 3. ~~(of 191: 6)~~

## 'n Hartebede Vervul.

Luk. 2:25-35.

| Oos Tehuis 23.12.56.
| Potch. 7 Des. 1958
| Auk. 9 Des. 1962

Luk 2: 29 en 30 - Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het.

Die oggendstond van 'n mens se lewe is die tyd van drome droom, van ideale koester, van lugkastele bou - die tyd waarin ons na die hoogste bergspitse reik sonder om te vra of ons ooit daar sal kom.

Die middaguur v.d. mens se lewe is die tyd wan jy verkeer in d. hitte v.d. stryd, besig om te vasstel en te weeg om te kom maar jy verlang om te rus.

Die aanduur, d. uur v. sonsondergang, is d. tyd wan jy terugkyk en vra: Hoe ver het ek gevorder? Jou ideale verander in loop v. jare! Ook in ons geest. lewe is daar 'n oggendstond - 'n middaguur - 'n tyd van ~~[illegible]~~ aandskemerte. En Kersfees en Nuwejaar is by uitstek die tyd wan ons as ons van daar kom vra: Hoe ver het ek in my geest. lewe gevorder? Hoe naby aan Jesus gekom?

U vanmiddag wys op 'n ander ou v. dae, 'n vader van sy volk, 'n Henoch, 'n man wat gewandel het met God - en wat Kersfees alles vir hom gebring het. Ons vind by hom:

I 'n ~~[illegible]~~ Reikende Verwagting: In Luk 2: 25 lees ons die wond. woorde: „hy het die vertroosting van Israel verwag" en vs. 26 verklaar wat dit beteken: „En aan hom was dit deur d. H.G. geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus v.d. Here gesien het nie"

Dis vir ons een v.d. mees aangrypende en betekenisvolle uitsprake: dat hier 'n man was wat so naby aan God geleef het, so vervul was met die H. Gees dat hy abs. seker was: hy sou Jesus Christus sien voor sy dood. Hierna het hy so daarna uitgesien – vir niks anders meer geleef nie – na niks anders meer verlang – van niks anders meer gepraat as net: Jesus en sy Koms na d. aarde! Jesus en sy geboorte!

Waarom was hd. verwagting so sterk, hd. verlange so diep? Die woord "vertroosting" gee ons d. antwd.: Xtus se Koms na d. aarde het vir Simeon een groot uitst. bdsk. gebring: Hy sou sy volk vertroos! Hulle smarte sou Hy dra; hulle lyding sou Hy verlig, hulle ellende sou Hy vermynder!

Of Simeon so gevoel het van kindsbeen af weet ons nie, maar wat ons weet is dat hy vir jare reeds daarvoor gedink en gebid het! En toe: agt dae na Kersfees, het hd. droom van jare 'n werklikhd geword! (Gevoelte oor geboorte?)

→ Ons: Wat ons hoogste verwagting? Toe ons jonk was: skoonhd, rykdom, prestasie, bekendhd – Nou dat ons oud geword het: is dit om Jesus te sien? Die vertroosting v Israel deur Xt: 2e Koms? Hoe lank leef ons nog? Hoe anders as om elke dag te wag op hd. heerlike oomblik! En watter tyd herinner ons meer pertinent daaraan as Kersfees?

→ Alleen as ons naby aan God leef!

II 'n Vredevolle Vertrek: En dan lees ons dat Simeon deur d. Gees in d. tempel kom (vs. 27) En in dd. selfde oomblik Josef en Maria Jesus daar ingebring m.d. oog op sy besnydenis. Dan gebeur d. wonder: Neem Kindjie in arms en roep uit: vs 29-30!

Inl.: Die geboorte v.d. H. Jesus – in sigself 'n wonder sonder weerga – is omring van wonders. [illegible] Dis asof God met opset die een gebeurtenis na die ander laat plaasvind wat ons verstom en verbaas laat staan – gebeurtenisse wat m.d. verstand nie verklaar kan word nie – Asof God die wonders opeenstapel soos ~~die~~ goudstawe in 'n brandkluis om ons sy glorie en rykdom te laat sien.

Een v.hd. wondergebeurtenisse is die rol wat 'n eienaardige man gespeel het in die koms v. Xtus: Simeon

„'n Man in Jerusalem": = 'n gewone mens, in die groot wêreld het hy nie getel – weet niks meer van hom, sy agtergrond, sy familie, sy opvoeding, sy herkoms: niks!

„Simeon" = verhoring – moontlik 'n kind v. God gebid soos Samuel

„Regverdig & vroom" = a) billik, eerlik, kon hom vertrou, op hom steun

b) „vroom" = godvresend (Hand. 2: 5 – Pinksterskare ; Ananias (Hand. 22:12)

Wat vind ons by hom?

I

„Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord" . „Here, roep Simeon uit, nou kan U my maar kom haal, nou kan ek d. aarde vaarwel toeroep want dit w/na my siel d. meeste gesmag het het ek bereik: ek het die Seun v God gesien!"

Ek dink Simeon het baie dae, baie maande, as d. een jaar kom en d. ander Jr. gaan in stilte d. versugting geslaak: Ag Here, w/n. sal ek kan gaan? Hoe lank nog? Ag Here, u moet in my siel daar net een verlange, een bede – en ek sal nooit in vrede kan sterwe voor ek dit nie verkry het nie!" Lank afvoor gebid voordat die H.G. dit aan hom openbaar het!

→ ① Om in vrede te kan sterwe – wat bete ken dit? Beteken nie net om sonder stryd in jou siel, sonder onrus te sterwe nie! Baie meer: beteken dat jou hoogste lewensbede vervul is, niks meer wat jou op aarde bind, niemand na wie jy meer wil gaan. Alles wat dié lewe op aarde jou kan bied is daarmee klaar! O, watter vreugde om so te sterwe!

→ Ken u die geheim v gelukkig te sterwe?

III Die Vreugdevolle Versekering: „Omdat my oë u heil gesien het" Dit was d. grond waarop dit was d krag w/in hy kon Simeon geboë het: dit was d krag w/in hy kon sterwe:

① Gods heil gesien (aanskou): 'n Gesig gekry van Gods heerlikheid, d. saligheid v.d. ewigheid – soos geopenbaar in Jesus Xtus!

② Persoonlike aanskouing: „My oë"! Nie van

hoorsê!

→ Hd. worde geloofswoorde: geen opsig. teken aan Jesus, geen stralekrans — doodgewone Kindjie maar

→ Ons praat ook baiekeer dat iemand in vrede sterwe terwyl dit maar net was dat hy/sy nie d. krag gehad het om nog iets te sê of te doen nie. Maar in vrede sterwe beteken vir d. Xten net een ding: om persoonlik d. lig v.d. ewigheid in Jesus Xt. te aanskou!

Wie Hom nie so (persoonlik) ontmoet het nie, kan nooit in vrede sterwe nie!

So word hd. eerste Kersfees vir Simeon 'n hoogtepunt, 'n klimaks wat sy hele lewe opgewaar word! Sy geloof ~~beloon~~ bevestig!

Sal Kersfees dit vir u wees?

→ Waar Simeon dit ~~bekom~~ ~~Amen~~? ① Gebid ② Geglo ③ J. v. W. gehoorsaam!

→ Ons as ouers: hou Kindjie in ons arms, bring Kindjie ten doop: waarom? — Daad v. geloof!

— Verwagting v. geloof?

— Lewe v. geloof?